In my ekokritiese benadering tot die *Die Bergengel* is my eerste doelwit om vas te stel op watter wyse die *taalgebruik* in die roman benut word om die leser te beïnvloed ten opsigte van die kwessie van natuurbeskouing. Tweedens word die roman in sy hoedanigheid as 'n ekologiese krag ondersoek, oftewel as 'n roman wat 'n teengesprek ten opsigte van heersende mensgerigte beskouings van natuur- en omgewingsake tot stand bring.

Ek verskaf 'n kort oorsig oor die verhaalgebeure, verwys op bondige wyse na die ontvangs van die roman in literêre kringe en beweeg in die volgende afdeling na die ekokritiese uitgangspunte vir die studie. In die derde afdeling word die roman volgens die vasgestelde doelwitte geanaliseer.

Die verhaal se buitelyn sien só uit: Die dertienjarige Eron Verberger, die seun van die klokgieter-egpaar Alida en Gibor Verberger, vertrek saam met sy pa op 'n reis wat hom dwarsoor die wye Gabriëllië neem. Die geografiese ruimte van Gabriëllië word voorin die roman gekarteer en ook later breedvoerig beskryf; die leser word gelei om Gabriëllië as 'n reële ruimte te beleef. Die twaalf regione van die land bestaan uit stede, landbougebiede en vissersdorpies, bergstreke met groot ekologiese verskille, vlei-eilande, oerwoude en kusstroke, met "die magtige Reënrivier [wat] deur 'n kwart van die regione vloei" (16).

Op sy avontuurtog leer Eron die fyn kunste van klokgiet en manwees met sy pa as wyse leermeester. Dit is egter gou duidelik dat die rede vir Eron en Gibor se skielike vertrek uit hulle tuisdorp *meer* behels as 'n blote vader-en-seun-uittog. 'n Sinistere kulkunstenaar is op Eron se spoor, met moorddadige bedoelings. Boonop dreig 'n Vuurstorm om die ganse Gabriëllië te verswelg, skares mense word vermis en daar is gerugte dat die slagoffers as slawe op walvisbote gebruik word. Daar is net een persoon wat 'n Vuurstorm kan stuit: die mitiese Bergengel, 'n besonderse verkose persoon wat die betrokke amp vir twintig jaar beklee voordat die vaandel aan 'n opvolger

Susan Meyer is medeprofessor in Afrikaans aan die Fakulteit Opvoedkunde, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom. Sy is deel van die Navorsingseenheid Tale en Literatuur in Suid-Afrikaanse konteks aan die NWU.
E-pos: meyer.susan@nwu.ac.za
https://orcid.org/0000-0002-7211-1530

DOI: dx.doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.56i2.5179

oorhandig word. Daar het egter reeds dertien jaar verloop sedert daar enige teken van 'n Bergengel in Gabriëllië was. Sonder die hulp van die Bergengel is dit nou Eron se taak om die Vuurstorm te blus en sy geliefdes teen die gevare van Die Uitdooftyd te beskerm. Hy word ondersteun deur mentorfigure, sy pa se broers Rauch en Korban, en moet menige toets deurstaan en struikelblok oorkom.

Die fisiese reis gaan gepaard met 'n reis na binne, 'n reis waarop die jong held sy vrese en skuldgevoelens in die gesig moet staar en uiteindelik moet afskud. Rauch waarsku: "[J]y gaan die kuns van selfloosheid moet bemeester, die kuns om mense ver buite jou lewe so lief te kry dat jy ook hulle wil beskerm. Jy gaan 'n honderd maal van jouself moet sterf, opstaan uit die graf en nuut begin" (151).

Kritici merk op dat *Die Bergengel* op verskeie vlakke gesprek voer met Deon Meyer se roman, *Koors*, wat in dieselfde jaar verskyn het (Steenkamp, "Bergengel"; Amid). Steenkamp sien die besonderse pa-en-seunverhouding, wat ook die goue draad deur die verhaalverloop van *Koors* vorm, en die genreverbuiging wat in beide romans voorkom as sterk parallelle. In *Die Bergengel* skep elemente van onder andere spekulatiewe fiksie, allegorie, magiese realisme, die *Bildungsroman* en ekokritiek die geheel.[1] *Koors* besit eweneens elemente van spekulatiewe of bespiegelende fiksie; die jong protagonis bevind hom in 'n postapokaliptiese Suid-Afrika, 'n "sê nou maar"-situasie gebou rondom die vraag hoe om 'n samelewing weer van voor af, en uit niks, op te bou. Vanuit 'n ekokritiese perspektief beskou is die ooreenkomste duidelik; *Koors* se leser word, net soos dié van *Die Bergengel*, gekonfronteer met vrae oor die mens se reg op die aarde se hulpbronne en oor daardie fyn balans tussen die beskawing en die mens se animalistiese aard van vernielsug (Steenkamp, "Koors").

Wat literêre verdienste betref, trap Stander se roman stewige spore. Dit word bestempel as 'n betekenisvolle verruiming van die Afrikaanse letterkunde in 'n genre wat "bra beperk is", naamlik fantasie (Myburg). Steenkamp ("Bergengel") is van oordeel dat die verwewing van natuur, bo-natuur en die menslike elemente aangevul word deur "'n intelligensie en literêre diepte wat die roman verhef tot een met meer om die lyf as 'n blote fantasievlug". Amid se waardering is op dieselfde kwaliteite geskoei: "Die roman is fabelagtig mooi en volwasse, met groot diepte en insig." Dis 'n allegoriese fantasieverhaal wat as "uitgebreide metafoor" gelees kan word (Steenkamp, "Bergengel"); Stander beaam dat sy met *Die Bergengel* 'n metafoor wou skep "van 'n groeiende gees, van 'n mens se reis na jou binnelandskap—met berge en vlerke vir skuiling".

Universele temas dra by tot die literêre diepgang van die roman. Amid verwys na die universele stryd van die ontluikende bildungsheld: Eron moet homself leer ken en vertrou te midde van onsekerheid en skuldgevoelens, hy veg om uit sy pa se skadu te kom. Daarteenoor is die Verbluffende Bluffer (oftewel Velvel Azazel), met sy oëverblindery en sy verterende drang na erkenning en mag 'n geslaagde uitbeelding van die mens se donker kant, of "skaduself". Hierdie roman verwoord diep nadenke oor die "universele aard van boosheid en broosheid in die mens se strewe na vrede en vryheid" (N. Meyer).

Die Bergengel as allegorie kan ook gelees word as besinning oor die rol van die skrywer/digter as Bergengel-figuur, meen Amid. "Soos met die profetiese Bergengel, wat in geheimhouding lewe en slegs sy verskyning maak wanneer die volk hom die meeste nodig het, word dit algaande duidelik dat daar besin word oor 'n samelewing wat gekenmerk word deur hebsug, magsug, ekonomiese verval, onverdraagsaamheid, onbeholpe leiers, sinnelose geweld en gebrek aan sosiale kohesie". Die moontlikheid dat die Bergengel inderdaad as allegoriese beeld vir die digter of profeet optree, word bevestig in die verhaalgegewe waar dit oor die anonimiteit van hierdie karakter gaan: "Die boodskap is belangriker as die Bergengel, net soos wat 'n profesie groter is as 'n profeet en 'n gedig langer leef as 'n digter" (25).

Wanneer die literêre meriete van Stander se roman in besprekings daarvan ter sprake kom, word telkens teruggekeer na die element van fantasie (Myburg; N. Meyer) en die roman se bydrae tot "die afgeskeepte fantasiegenre" (Steenkamp, "Bergengel"). Die term "wêreldbou" (*world building*) word dikwels in fantasie en wetenskapfiksie gebruik in verband met die skep van fiktiewe wêrelde.[2] Dié konsep verskil van milieubeelding in die sin dat die konstrueerder nie bloot die agtergrond waarteen 'n verhaal afspeel, skets nie, maar met toewyding en in fyn besonderhede 'n verbeelde wêreld skep wat beskik oor sy eie geografie, geskiedenis, kultuurgebruike, en so meer (Steenkamp, "Bergengel"). Steenkamp beskou die aandag aan die besonderhede van die natuurlike omgewing in *Die Bergengel* as die opvallendste aspek in die proses van wêreldbou: "Die skrywer skryf lewe in die geografie van die vasteland, sy uiteenlopende ekosisteme en groot verskeidenheid plant- en dierelewe in".

In die gekonstrueerde wêreld van Gabriëllië word inderdaad talle geografiese besonderhede vir elke regio betrek: weerstelsels, plantegroei, dierelewe, landvorms en ander natuurverskynsels. Daar is die seelewe van die kusdorp Skittering, die voëllewe van die waterland Eziovlei, die vulkaanklipstrande en vlambome van die tropiese

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Eiland van Ure. Die parallelle werklikheid wat hier geskep word, word uitgebeeld met besondere aandag aan die mens-omgewing-interaksie. Die naamgewing in die roman verraai reeds veel hieroor. Die meeste inwoners in die Tzurregio het vanne waarin die noue verbintenis met die natuuromgewing blyk: Storm, Moerasser, Rietbos en Wolker. Ook 'n aantal "boomryke familiename" het in die streek ontstaan, soos Vertakker, Agterstam en Peulenaar (16). 'n Algemene familienaam in hierdie streek, Verberger, het sy ontstaan te danke aan die berge wat in Tzurse volksverhale en -musiek "in verhouding gestaan het met die hemelse, aardse en onderaardse" (16). Alida Verberger, eens Alida Skemersee, kom uit 'n familie wat die Vinke genoem is, aangesien dié familie sulke voortreflike wewers was (17).

Die Bergengel vra dus uit die staanspoor om gelees en geïnterpreteer te word deur die lens van die ekokritiek, oftewel met die doel om die verhouding en interaksie tussen die mens en sy omgewing sentraal te plaas in die ontrafeling van die verhaal en sy betekenis.

Naas die sterk natuurgerigte aard van die roman word die taal- en woordgebruik beskou as 'n uitstaande kwaliteit. "Stander se talent as digter is onmiskenbaar in die liriese prosa van *Die Bergengel*", beweer Steenkamp ("Bergengel"). "*Die Bergengel* is meer as net 'n roman," verklaar Amid, "dit is 'n kunswerk wat die woord tot heiligdom verhef." Hierdie spesifieke aspek van die roman sal ook in die ekokritiese bestudering daarvan betrek word. Die doel daarmee word in die volgende afdeling, saam met die teoretiese vertrekpunte vir die studie en 'n fermer belyning van die doelwitte daarvan, verantwoord en gemotiveer.

Ekokritiese uitgangspunte vir die studie

Die ekokritiek is, soos reeds gesê, die voor die hand liggende teoretiese raamwerk waarop die ontleding van die roman geskoei kan word; die ekokritiek spits hom daarop toe om letterkunde (en ander kultuurprodukte) te ondersoek aan die hand van die wyse waarop dit die verhouding tussen die mens en al die organismes van die natuurlike wêreld wat hom omring, uitdruk. Die tweede sin in die roman, met die beskrywing van Gabriëllië as 'n wêreld "waar lokomotiewe nog nie tonnels deur die berge oopgefluit het of rokerige longe oor die valleie en weivelde uitgehoes het nie" (13), vra reeds dat die ekokritiek in die ondersoek betrek sal word en bring ook Lawrence Buell se definisie daarvan ter sprake. Buell (11), een van die baanbrekers vir die ekokritiek, definieer hierdie dissipline as die bestudering van die verhouding tussen letterkunde en omgewing wat onderneem word in 'n gesindheid van toewyding aan omgewingskundige praktyke of -gebruike. Buell, Heise en Thornber beklemtoon, in hulle meer volledige definisie van die ekokritiek, die etiese element daarvan:

> Ecocriticism is a cross-disciplinary initiative that aims to explore the environmental dimensions of literature and other creative media in a spirit of environmental concern not limited to any one method or commitment. Ecocriticism begins from the conviction that the arts of imagination and the study thereof—by virtue of their grasp of the power of word, story, and image to reinforce, enliven, and direct environmental concern—can contribute significantly to the understanding of environmental problems [...]. Ecocriticism holds that environmental phenomena must be comprehended, and that today's burgeoning array of environmental concerns must be addressed qualitatively as well as quantitatively. (Buell, Heise en Thornber 418)

Gelees deur die lens van die ekokritiek, skuif 'n spesifieke aspek van *Die Bergengel* op die voorgrond: die roman ondersoek die verhouding tussen tegnologiese vooruitgang, hebsug, magsug en die verwoestende impak hiervan op die natuurlike omgewing. Steenkamp ("Bergengel") vat hierdie kwessies op kernagtige wyse raak:

> Die pre-industriële Gabriëllië staan op die drumpel van 'n industriële revolusie. Nuut-aangelegde treinspore deurkruis die voorheen ongerepte landskap en lei tot die migrasie van velddiere (41); 'n korrupte bewind stook met geweld die vure van 'vooruitgang'. Die heersende regiohoofde, in sameswering met die ryk en magtige walvismagnate, loods 'n veldtog om die selfonderhoudende agrariese gemeenskappe van Gabriëllië stelselmatig uit te wis en te vervang met onvolhoubare industrie ter ondersteuning van die winsgewende walvisjagbedryf."

Die inwoners van Gabriëllië, verblind deur wanhoop en die belofte van goudwater (die walvistraan wat hulle vasteland skynbaar tot 'n wêreldmag sal verhef), sien die verwoesting as 'n uitkoms, "'n skoonbrand, 'n nuutbegin" (*Bergengel* 163). Eron luister met ontsteltenis hoe 'n houtkapper wat hy in Slagtingstrand raakloop die Vuurstorm wat die stad Barbel in puin gelê het, afmaak as "hoop vir die land":

> Die nuwe Regiohoof, die vrygewige Strasius, [het] die versukkeldes uit hulle ou krotjies verwyder, die bourommel verbrand en sy stad herbou tot iets nuttigs. Fabrieke en goeie geriewe, daardie klas van ding—alles gebou met die fortuine van die walvishandel wat nou die streek instroom. Veral aan die kus waar die walvisbote aandoen is daar baie bouwerk

aan die gang. Van die ander Regiohoofde is glo ook deel van die plan om van Gabriëllië 'n wêreldmag te maak. (132)

Aangesien ekokritiek beskou word as 'n sambreelterm vir 'n hele spektrum van literêr-teoretiese benaderings met 'n "earth centred approach" ten opsigte van die bestudering van die menslike en die niemenslike (Childs en Fowler 65), is die kwessie van 'n spesifieke en gepaste teoretiese grondslag van besondere belang in 'n ekokritiese studie. 'n Punt van kritiek wat in die ontstaansjare van die ekokritiek dikwels geopper is, is die gebrek aan 'n behoorlike metodologie en teoretiese basis (Gifford 15), terwyl die interdissiplinêre aard van ekokritiek as die belangriker aspek voorgehou is. Sedert die middel 1990's word daar egter gereeld ekokritiese navorsing met 'n sterk teoretiese basis gepubliseer as bewys dat die ekokritiek wel toenemend gesofistikeerd vertoon (Fiedorczuk 11).

Hubert Zapf se boek *Literature as Cultural Ecology: Sustainable Texts* (2016) is een van die onlangse publikasies met groot waarde vir die ekokritikus wat na teoreties gefundeerde werkwyses soek. Die beskouing van letterkunde as kulturele ekologie bied, volgens Salovaara (222), 'n sinvolle teoretiese instrument en 'n stewige metodologiese raamwerk in die ekokritiese bestudering van tekste.

Zapf (*Literature* 3) definieer kulturele ekologie op bondige wyse as die bestudering van en teorievorming oor die interaksie en lewende onderlinge verband tussen kultuur en natuur. Daar word gefokus op die funksie van letterkunde as ekologiese beginsel of energie binne die groter sisteem van kulturele diskoerse (27). Die sogenaamde "ekologiese" funksie van letterkunde manifesteer op verskeie wyses. Letterkunde is 'n gebied van voortdurende, kreatiewe vernuwing van taal, persepsies, kommunikasie en verbeelding. Hierdie herstrukturerende en selforganiserende beginsels van letterkunde herinner Zapf aan die ekologiese prosesse met behulp waarvan alle lewe op selforganiserende wyse voortbestaan ("The state of ecocriticism and the function of literature as cultural ecology" 56). Een van die wyses waarop die ekologiese funksie van letterkunde manifesteer, lê in die beskouing van letterkunde as klankbord vir verskuilde probleme, tekorte en wanbalanse in die groter kulturele werklikheid (Zapf, "State" 56). In Amid se bespreking van *Die Bergengel* word die vinger netjies op hierdie funksie van die roman gelê waar verwys word na die besinning oor 'n samelewing "gekenmerk deur hebsug, magsug, ekonomiese verval, onverdraagsaamheid, onbeholpe leiers, sinnelose geweld en gebrek aan sosiale kohesie".

Tweedens behels die ekologiese funksie van letterkunde dat dit help met die afbreek van geslote denkpatrone onderliggend aan dogmatiese wêreldbeskouings en om eksklusiewe aansprake op die waarheid te vervang met 'n verskeidenheid van perspektiewe en veelvuldige interpretasiemoontlikhede (Zapf, "State" 56). Die beskouing van letterkunde as ekologiese krag in die groter kultuursisteem lei tot die beklemtoning van die potensiaal daarvan om bepaalde werklikheidsaspekte wat deur konvensionele denke uitgesluit is van die kulturele werklikheidsgeheel daarmee te herenig. Letterkunde sou dan deel wees van wat Zapf ("State" 64) die diskoers oor herintegrasie (*reintegrative interdiscourse*) noem. Hy illustreer die konsep van die "geskeide werklikheid" met verwysing na voorbeelde van die verskillende samelewingsfere wat ontstaan deur ekonomiese differensiasie, die openbare en die private rolle van die self, die bewuste en die onbewuste en ook—grondliggend aan verskeie manifesteringsvorms van hierdie skeidingsbeginsel—kultuur en natuur (64–5).

In *Die Bergengel* mag die aanwending van taal, as deel van die literêre skeppingsproses en ook van kulturele aktiwiteit, 'n bydrae lewer om dogmatiese natuurbeskouings en eksklusief menslike aansprake op eienaarskap van die natuurlike omgewing af te breek. Dus is die eerste doel van hierdie artikel, soos reeds genoem, om die aard van die taalgebruik, die affektiewe trefkrag daarvan en die funksie van die taalspel spesifiek ten opsigte van mens- en natuurbeelding te ondersoek. Met ander woorde, die funksie van taalaanwending, uit die sfeer van kulturele aktiwiteit, word binne konteks van die ekokritiese diskoers in hierdie roman beskou. Die vraag wat as vertrekpunt dien, is: Op watter wyse dien *taalgebruik* die diskoers oor omgewingskwessies deur die beïnvloeding ten opsigte van natuurbeskouings? Oftewel: Hoe realiseer die integrering van die konvensioneel geskeide kultuur- en natuurwêrelde in hierdie roman, en word *Die Bergengel* deel van wat Zapf die diskoers oor herintegrasie noem?

Ek het ook reeds verwys na die tweede doel vir hierdie studie, naamlik om uit die denkraamwerk van letterkunde as kulturele ekologie nog 'n teoretiese beginsel te identifiseer en te benut in die ontleding van *Die Bergengel*. Daar word gefokus op die roman as 'n ekologiese krag—"ecological force" (Zapf, *Literature* 27)—die tipe letterkunde wat oor die potensiaal beskik om téengesprekke tot stand te bring, "challenging current unsustainable societal and economic practices, operating as a medium of radical civilizational critique" (Zapf, *Literature* 28). Die aard van dié teengesprek in *Die Bergengel* word ondersoek, die aandag word toegespits op die wyse waarop 'n koersverandering téén vaste denkpatrone in oopgeskryf word; hoedat antroposentriese beskouings—en daarmee saam onvolhoubare ekonomiese praktyke—uitgedaag word.

Die teoretiese raamwerk waarop Zapf die sterkste steun, is dié van die materiële ekokritiek en die insigte van Jane Bennett, Serenella Iovino en Serpil Oppermann aangaande niemenslike liggaamlikheid en magte van beïnvloeding.[3] Die nuwe materialisme is 'n teoretiese terrein wat verskeie dissiplines dien, onder andere dié van die natuurwetenskappe, filosofie en literatuurteorie en -kritiek, en waarbinne herbesinning plaasvind oor die materialiteit waaruit ons liggame en die natuurlike wêreld gemaak is.[3] Binne die teoretiese raamwerk van die nuwe materialisme word natuurelemente nie as passiewe sosiale konstruksies beskou nie, maar eerder as vorms van bemiddelende krag wat interaksie met en verandering of beïnvloeding van ander elemente teweegbring, ook van die mens (Alaimo en Hekman 7). Oppermann ("Feminist ecocriticism: the new ecofeminist settlement" 72) stel dit só:

> The new materialists perceive nature as an active, signifying force; an agent in its own terms […]. Being thus liberated from its previous conceptualizations as a blank, silent resource for the exploits of culture […] nature is discussed as a significant participatory force field in the entanglement of meaning and matter.

Die idee dat materie 'n mag van beïnvloeding ("agentic power") uitoefen, ook oor die mens, lei tot Bennett (xvi) se gevolgtrekking dat menslike magte en beïnvloedingsvermoë weerklank vind in dié van niemenslike bestaansvorme, sodat daar 'n teenvoeter bestaan vir die antroposentriese idee dat die mens in beheer van die wêreld is. By die begrippe *materie* en *materialiteit* word menslike en niemenslike liggaamlikheid ingesluit, en lewende sowel as nielewende stowwe, substansies of kragte (Oppermann, "Feminist ecocriticism" 71). Hierdie konsepte is dus nie geskoei op die eng dualisme van lewend/nielewend, menslik/niemenslik nie. Coole en Frost (9) vat die sleutelinsigte van die nuwe materialisme soos volg saam:

> Conceiving matter no longer as simply passive or inert, disturbs the conventional idea that agents are exclusively human and possess the cognitive abilities, intentionality, and freedom to make autonomous decisions and the corollary presumption that humans have the right or ability to master nature. Instead, the human species is being relocated within a natural environment whose material forces themselves manifest certain agentic capacities.

In noue aansluiting by bogenoemde gedagtes kan die teorieë van die objekgeoriënteerde ontologie ("object oriented ontology") gelees word, spesifiek betreffende die ommekering van aanvaarde subjek- en objekrolle en -posisies.[4] Morton (165) verduidelik die objekgeoriënteerde ontologie se beskouing dat die objek 'n sentrale posisie kry; die stel van die mens (subjek) se bestaan bó die van niemenslike objekte word verwerp. Met hierdie standpunt word antroposentrisme sterk teengestaan en word direkte skakeling met die teorieë van die nuwe materialisme duidelik.

In die volgende afdeling word die taalgebruik in *Die Bergengel* onder die soeklig geplaas en gefokus op die rol van taal, as kultuurmedium, in die uithef van die natuur en omgewingskwessies. Die doel is om vas te stel op watter wyse die taal- en woordspel in diens van die diskoers oor natuur-/omgewingskwessies staan deur die bydrae daarvan tot die uitdaag van eksklusief menslike aansprake op eienaarskap van die natuurlike omgewing. Hieruit sal die hereniging van die apart gewaande wêrelde van die woord (kultuur) en die natuur blyk, en sal die roman se bydrae tot die diskoers oor herintegrasie duidelik word.

Die Bergengel **as ekologiese krag: nuwe denke oor mens en natuur**

Die taalgebruik in *Die Bergengel* word gekenmerk deur die meesleurende poëtiese aard daarvan. 'n Eerste opvallende aspek is dat natuurtaal en poëtiese natuurbeelde in die uitbeelding van mense gebruik word. Alida Verberger se swangerskap bring iets dromerigs uit haar te voorskyn, "iets herfserigs" (18) Eron is 'n seuntjie met 'n "eekhoringgesiggie" en donker rugdonsies (19); hy het "vuurvliegieklein" pinkienaels en "wangkuiltjies die vorm van waterdruppels" (20).

Eron se waarnemings word dikwels poëties getint deur beeldspraak swaar belaai met metaforiek uit die natuurwêreld. Die reis wat hy saam met sy vader onderneem, neem hulle bo-oor verysde berge. 'n Yspunt teen 'n berghelling waaraan Eron vashou, breek af en hy vrees hy gaan val, maar skielik staan Gibor agter hom om hulp te bied, "'n vaste dop oor 'n skilpad" (61). Gibor druk sy seun se gesig teen sy bors vas voordat hulle saam aanskuif, "sy pa 'n skulp rondom hom" (62). Die Gubbrivier wat die stad Barbel omarm, se brug is gebou met gebuigde latte, "tonnelagtig, soos die ribbekas van 'n walvis" (69).

Eron neem dikwels 'n natuurelement waar in die mense wat hy op sy uitgebreide reis teëkom: kleuters hang "soos vlermuisies" aan 'n ma se sye (70), 'n groep meisies is "lawwe, luidrugtige mossies" (73) en daar word na 'n paar ou vroue langs die rivier buite Barbel verwys as "dié ry knopperige, klamp sampioene wat op 'n omgevalle

boomstomp gesit het" (77). Op hierdie moeilike tog vind hy dikwels krag in die beeld van sy moeder; hy herroep haar gestalte soos sy aangestap gekom het op die dag van hulle vertrek, "haar regop nek, 'n trotse kraanvoël" (100).

Deur die beskrywing van die natuurelement wat Eron in mense vind en deur die poëtiese beelde wat deur sy waarneming daarvan opgetower word, word 'n kwessie uitgehef wat sentraal staan in die posthumanistiese denke wat die materiële ekokritiek onderlê. Dit behels die herbesinning oor die konsep wat Wolfe (*Critical Environments: Postmodern Theory and the Pragmatics of the "Outside"* 42) die "human *tout court*" noem, oftewel "rethinking the conceptual frameworks within which we have defined human subjectivity, agency, identity and self, acknowledging the permeable boundaries of species in the natural-cultural continuum, and recognizing the profound interconnections between different forms of life in the composite world where previously we had seen separations." Wanneer die waarneming en beskrywing van die menslike deurtrek is van verwysings na niemenslike eienskappe, soos in *Die Bergengel* gebeur, word 'n belangrike doelwit in posthumanistiese denke bereik, naamlik die ongeldigverklaring van die standpunt van menslike uitsonderlikheid.

Hiermee word die weg gebaan vir die tersydestelling van dogmatiese idees oor die mens-natuurdigotomie en word 'n denksfeer betree waar dit sin maak om Wolfe se uitdrukking "humans and other animals" te gebruik, soos in die boek *Before the Law: Humans and Other Animals in a Biopolitical Frame* gebeur. Eron beland in Barbel byna-byna onder die invloed van Bluffer, die kulkunstenaar, en probeer desperaat wegkom—"hy was 'n rot wat wou vlug voor 'n glimmende reptiel" (*Bergengel* 83). Ná 'n woeste vlugtog deur die brandende stad duik hy in die rivier en probeer sy roetbesmeerde lyf was, "sy vingers soos glippende visse" oor sy oksels en skouers. In die wyse waarop Eron homself waarneem, naamlik in terme van die niemenslike, word veel sigbaar van die opvatting van die mens wat Wolfe (*Before the Law* 34) huldig, naamlik "joined together, in a dynamic co-evolutionary spiral with other biological species with whom we share the planet". Die metaforiese taalgebruik in hierdie roman dien 'n beskouing van die mens wat nie meer op die eng dualisme van menslik/niemenslik berus nie; die poëtiese beelding lig hierdie beskouing uit en brand dit skerp in die leser se bewussyn vas. Selfs die mens se innerlike wêreld word verbeeld in terme van 'n verknooptheid met die natuur: Eron ontdek "dat skuld 'n kragtige stroom is wat klippe kan verteer" (*Bergengel* 88); kwelvrae klou "soos 'n wurgslang om sy keel" (89).

Terwyl bepaalde idees oor die gebruikswaarde van en menslike gesag oor die natuur sterk in sekere verhaalgebeure teenwoordig is, dien die liriese aard van die prosa in die roman kragtig ter bewusmaking van téénvrae betreffende mensgesentreerde houdings en natuurbeskouings. Deur die rykheid van die taal word eer aan die natuur gebring, die intrinsieke waarde daarvan word erken en die diversiteit daarvan besing. Eron se verwondering oor die natuur, reeds as 'n kind, en sy sintuiglike verering word duidelik juis in die poëtiese terme waarmee dit verwoord word: "Hy het paddavissies dopgehou wat uit hul jellieomhulsels glip en wriemel in die stroom agter die huis waar sy blaarbote dryf; […] deur die biesies waar die blougroen naaldekokers flits tot waar die stroom uitmond en sy blaarbote ingesluk is deur die koue oseaan" (21). Die grootste respek blyk ook uit Gibor se poëtiese beskouing van natuurskepping versus menslike skepping: "Geboue is versteende gedagtes. Berge is heiligdomme wat aanhou groei" (59).

Op sekere punte op sy reis word Eron deur uitputting en vrae oor die sin van hierdie oorweldigende onderneming oorval. Hy vind perspektief en emosionele ewewig terug in die versekering van 'n groter plan van orde en betekenis rondom hom:

> 'n Rooiborsie wat onder 'n brug van boomwortels vlieg: onwerklik rooi, asof sy inwendig bloei. […] Die spore van 'n wildsbok wat 'n roetekaart in die riviersand teken—die varser spore van 'n vos kort op sy hakke. In die verte het 'n lammervanger met gepunte vlerke op 'n krans afgepyl, gevolg deur 'n jammerlike gekerm. Die pieke […] heidepers. (89)

Die gerusstellende effek van hierdie natuurtekens op Eron se gemoed word uitgehef deur die liriek en die rykheid van die taal. Op 'n jeugdige ouderdom het beelde uit die natuur reeds vir Eron lesse ingehou, byvoorbeeld dat 'n dier se spoor sy angs kan verraai (59). Die impak wat hierdie beelde op sy jong gemoed gehad het, word onderstreep deur beeldryke taal wanneer Eron sulke lesse herroep. "'Spore is die stemme van diere,' het Gibor gesê. 'Elke spoor vertel 'n storie. 'n Mens moet jou eie voetspoor ken.'" (60)

Hierdie verwysings na die natuurkennis en ook die diep respek wat Gibor aan Eron oordra, versterk die vrae wat die mens se seggingskrag oor die natuurlike omgewing uitdaag. Die idee van menslike besitreg word saam met dié van menslike uitsonderlikheid bevraagteken.

Die gebeure in *Die Bergengel* vloei voort uit tegnologiese vooruitgang in Gabriellië en word gedryf deur menslike hebsug en magsug. Die roman wentel, op eerste verhaalvlak, om die gewetenlose uitbuiting van die visbedryf,

winsbejag wat berus op die uitbuiting van hulpbronne, en om natuuruitwissing ter wille van onvolhoubare industrieë, alles in die naam van "vooruitgang". Op 'n ander vlak word daar egter 'n helder teengesprek op die been gebring—een wat die sienings onderliggend aan hierdie praktyke beveg en wat verband hou met die ontkieming van alternatiewe persepsies oor die plek van die mens in die omgewing. In ryk, poëtiese taal word die stryd aangepak ter afdwing van die aandag aan die deurdringbare grense tussen spesies in die menslike-niemenslike kontinuum en aan die erkenning van die diepgaande onderlinge verbondenheid tussen verskillende vorms van lewe in die saamgestelde bestaansgeheel. In *Die Bergengel* wil die gebeure op die primêre verhaalvlak die magsmisbruik van die mens uitspel; die taal wil teenstand bied daartéén—om te praat, met besondere estetiese krag, oor die besondersheid, broosheid en onvervangbaarheid van die natuur.

Zapf se beskouing van letterkunde as kulturele ekologie, oftewel vernuwende krag, word relevant en taal word hier funksioneel betrek. Die ekologiese funksie van letterkunde word duidelik wanneer die moontlikhede van die affektiewe reaksie van die leser op die taalgebruik in *Die Bergengel* verreken word. Zapf (*Literature* 32) verduidelik, omtrent die krag van die gevoelskomponent in die estetiese teks:

> The particular aesthetic force of an Emily Dickinson poem can awaken in the reader an affective response that initiates intellectual investigations into the validity of long taken-for-granted "culture-nature binaries". […] Understanding the coexistence of humanity with the nonhuman world as a "mutual relationship" instead of seeing the nonhuman merely in 'utilitarian' ways is one particular function of sustainable texts.

Taal en die besondere affektiewe funksie daarvan staan sentraal in die uithef van die deesdae bykans vergete belang van die natuur in *Die Bergengel*. Die mens word, by wyse van kragtige beeldspraak, herinner aan die dwaasheid van omgewingsverwoesting, aan die noodsaak om "jou eie voetspoor (te) ken" (87) en om dáárdie impak te oordink.

Nie slegs op taalvlak nie, maar ook op inhoudsvlak word die ekologiese krag van die roman duidelik in die oopdwing van nuwe denkpatrone oor mens en natuur. Die teengesprek, wat as duidelike beskawingskritiek gemik is teen onvolhoubare samelewings- en ekonomiese praktyke, vind op die tweede verhaalvlak plaas en is geskoei op die gegewe van die verweefde lot van die mens en die niemenslike in die uitbuiting daarvan. Die bloederige handel van die walvistraanbaronne het nie net 'n effek op die walvisbevolking nie, maar eis ook menslike slagoffers in die vorm van slawe, diegene wat ontvoer word tydens Vuurstorms om die walvisskepe te beman (94).

Die verweefdheid van menslike en niemenslike eienskappe in die uitbeelding van menslike karakters, waarop tevore reeds gewys is, word verder versterk deur die parallel wat tussen menslike en niemenslike kinders getrek word. Alida offer 'n handgemaakte poppie wat haar doodgebore dogtertjie verteenwoordig aan die see en "toe sy die serp oopvou, het die kind verander in 'n bloupers seester wat stadig, stadig tuimelswem, al dieper in die baarmoeder van die oseaan" (18). Tydens Eron se besoek aan die Eiland van die Ure ontmoet hy Olga, wat desperaat probeer om 'n gestrande walviskalf veilig terug aan die see en sy moeder te besorg. Olga is die ma van die "verlore seun" en kulkunstenaar, Velvel Azazel, en van 'n dogter met wie sy kontak verloor het. Haar worsteling met die walviskalf word gedryf deur die voorspelling dat "sy haar seun aan die wêreld gaan afstaan, maar haar dogter sal terugvind as sy 'n ander ma help om haar verlore kind te vind" (186). Hierdie belofte—'n kind in ruil vir 'n kind—dui op 'n verweefdheid, 'n komplekse verhouding tussen die mens en sy natuurlike omgewing.

Die materiële ekokritiek en spesifiek die idee van materie—"human and nonhuman bodies, and organic and inorganic substance and forces"—as 'n aktiewe krag (Oppermann, "Feminist ecocriticism" 71), bring insig in die mens-natuurverhoudings wat in *Die Bergengel* uitgebeeld word. Hier is natuurelemente veel meer as 'n passiewe agtergrond vir die menslike drama. Daar word gereeld iets duidelik van die beskouing omtrent die interaktiewe en handelende aard van die natuur, en spesifiek as 'n krag van beïnvloeding van ander elemente, ook van die mens (Alaimo en Hekman 7).

Gibor word in sy karakter, identiteit en in die daaglikse omgang met sy ambag deur die natuur beïnvloed. Die berge waardeur Gabriellië ingeperk word en die impak daarvan op die inwoners se lewens, is nie slegs teenwoordig in Gibor se van (Verberger) nie. Hierdie berge is ook 'n vaste deel van sy verwysingsraamwerk en vind weerklank in die krag van sy persoonlikheid. "Jou pa sou oor 'n duisend berge reis om jou lewe te spaar", vertel Eron se ma vir hom (93).

Gibor word beskryf as 'n aardse mens met 'n skaapveljas en "duifgrys hare" (90), gevolg deur "die reuk van metaal, hout en vuur" (23). Wanneer Gibor hout op die vuur gooi, sien Eron saam met hom hoe die reuk en die kleur van die vlamme met elke houtsoort verander. Gibor glo dat kennis van hout en die wyer natuur jou in die kader van die superieure plaas. "As jy die taal van hout verstaan, sal jy ook […] die taal van engele verstaan" (40).

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Hy wys sy seun om rigting te vind uit die skadukant van die maan en die posisie van die sterre; wanneer hy oor dié dinge praat, is sy stem vol ontsag, "asof dit 'n aandgebed is" (41).

Gibor het geen twyfel dat die natuur met die mens kommunikeer nie. Eron wil by geleentheid weet of ape kan praat; Gibor antwoord sonder huiwering: "Jou ma het jou mos geleer dat alles kan praat, Eron, selfs klippe" (47). Eron se vraag is gemotiveer deur 'n insident op 'n vismark, waar iemand 'n aap aan 'n tou gehad het, 'n kermende bondel. Hier het Eron iets van 'n intieme vervlegting van die menslike en dierlike bestaan beleef, dit was asof sy eie diepste aard aan hom bekend geword het in die oomblikke toe hy sy veronderstelde superieure posisie ontruim en op die vlak van die dier gekom het. "Ek het myself in die oë van die groter aap gesien, Pa. Ek was bang vir myself, omdat ek skielik vir niks bang was nie" (48).

Dis Gibor se natuurgesentreerde ingesteldheid wat 'n goeie klokmaker van hom maak. Hy het fyn insig in die wyse waarop die klank van die klok bepaal word deur die soort metaal waarvan dit gemaak is, want: "Elke metaal praat 'n eie taal" (54). Sy ambag as klokmaker bring hom intiem in kontak met 'n hele aantal natuurelemente, as't ware luisterend na die voorskrif van elke element vir daardie "regte toonhoogte en timbre" (52). Vir elke gietstuk word 'n buiteklok uit leemklip gemaak en met 'n mengsel van strooi en perdemis bedek om droog te raak. 'n Kleibeeld word gevorm volgens die binnekant van die klok wat gegiet moet word en nadat die son dit gedroog het, word byewas oor die klok gegiet en 'n laag klei aan die buitekant gesmeer. Holtes word aan die rante geboor waaruit die warm byewas kan smelt wanneer dit in die vuurput is. Nadat die klok uit die vuurput herwin is, word vloeiwarm metaal in die opening tussen die kleilae gegiet.

Die wyse waarop Gibor die natuurelemente hanteer en vereer waarmee hy op kreatiewe vlak besig is, soos dit in die roman beskryf word (44, 52), skep die indruk dat die nielewende se stem dié van die mens oorheers. Hierdie gedagte sluit aan by een van die kernbeginsels wat die materiële ekokritiek uit die denkwêreld van die objek-georiënteerde ontologie benut, naamlik die opheffing van die mens (subjek) se sentrale posisie, ter beklemtoning van 'n verbintenis van respek met die niemenslike wat ontdaan is van die rol as objek (Morton 165).

Die klokmaker in *Die Bergengel* beleef dat die interaktiewe betrokkenheid van die natuur en die aard van die gawes daarvan, konkreet waarneembaar in terme van die beskikbaarheid en gehalte van die natuurprodukte, die gehalte van klok as eindproduk bepaal. Dit is een van die belangrikste lesse omtrent die ambag wat Eron by sy pa leer. Hy word ook uiteindelik beloon met 'n eerste, voltooide klok uit 'n proses waartydens stap vir stap, en op eerbiedige wyse, met natuurgawes omgegaan is. Hierdie eerste klok is vir Eron meer van 'n natuurproduk as die produk van sy eie hande: "O, die ekstase toe sy heel eerste klok soos 'n ryp, swart saad tussen die gebreekte doppe lê!" (53)

Die ommekeer van die konvensionele subjek-objekverhouding tydens mens-natuurinteraksie is 'n belangrike element in die teengesprek wat in die roman gevoer word ter bevraagtekening van die mens se sogenaamd superieure seggenskap oor die benutting van die gawes van die natuur. Dit herinner ons aan die perspektief op die mens wat Oppermann ("From Material to Posthuman Ecocriticism: Hybridity, Stories, Natures" 276) vanuit posthumanistiese konteks bied: "The shift away from the conjectural singularity of the human agency is not a wholesale rejection of humanism (or the human), but a critical reframing aimed to dissolve the accompanying impulse of exploiting the coexisting sphere of the nonhuman."

'n Lewensles met behulp waarvan Gibor vir Eron toerus en weerbaar maak vir die oomblik wanneer hyself nie meer as gids vir sy seun kan optree nie—soos inderdaad op die reis gebeur—is die volgende: "Jy moet die lewe met jou eie verstand en al honderd jou sintuie ontdek" (19). Met hierdie aanmoediging om sintuiglik te leef, open hy sy seun se oë vir die invloed en gesag waarmee die natuur die mens se lewe in sekere situasies rig. Wanneer Eron van sy pa geskei word in die brandende stad Barbel, skep die rivierdelta vir hom 'n alternatiewe roete terug huis toe, weg van die bekende handelspaaie, om sy agtervolger vry te spring. Hy het die rivierpad na die Tzur-regio waar sy tuisdorp is, nog nooit gevolg nie; dié "waterpad" word egter 'n aktiewe rolspeler wat uitkoms bied uit lewensgevaar. Die delta word 'n stem wat vir Eron lei: "Elke keer voordat hy 'n vertakking van die delta moes neem, moes hy eers stilstaan en die natuur lees soos sy pa hom geleer het. Kyk na die posisie van die son. Voel die westewind vanaf die see […]. Ruik die lug […], die landskap met varings en mos wat aan die skadukante van die bome groei. Kyk, kyk, kyk" (88).

Die rol van aktiewe, kragtige beïnvloeding wat hier aan die landskap toegeken word, strook met die nuwe materialisme se uitgangspunt dat die nielewende 'n mag van beïnvloeding uitoefen, ook oor die sfeer van menslike bestaan. 'n Teenvoeter word dus gebied vir die antroposentriese idee dat die mens in beheer van sy wêreld is. Eron steun dikwels en op verskeie wyses op die rigtingwysers wat die natuur bied en wat hy interpreteer as

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

boodskappe van waarskuwing of gerusstelling. Die "weerlose nes" van 'n lyster en die spore van 'n vos op die hakke van 'n wildsbok maak hom akuut bewus van sy eie kwesbaarheid, hulle is "tekens" en "voorbodes van gevaar" (88). Met voete "kloppend van pyn" en in die grootste eensaamheid steier hy soms voort, ondersteun deur slegs die herinnering aan die versorging deur die natuur, "die smaak van bessies en veldkruie, 'n hele somer lank" (88). Ná 'n vreesaanjaende storm tydens die skeepvaart onderweg na sy pa se broer, Korban, put Eron hoop uit "die wit vredesvlag" van 'n meeu bokant die maste", die eerste seemeeu in ses dae (103).

Deur die uitbeelding van hierdie storm word korte mette gemaak van die illusie van die mens se gesag oor niemenslike en nielewende dinge. Die matrose het "verwoed probeer om die seile in te bind en beheer te neem oor wind en weer, maar dit het gelyk of hulle 'n ondier onder 'n laken wou vastem" (103). Met dieselfde onbetwiste gesag as waarmee die storm losgebreek het, "so onverwags as wat dit gekom het", het die storm "bo hulle koppe verbygewaai" (103).

Korban, die oom wat op die verdere reis as mentor vir Eron optree, leef asof volgens volle insig omtrent die dinamiese en handelende aard van die materiële magte en invloede rondom die mens. Met die doel om die seun voor te berei op die res van sy reis, stel hy hom bloot aan die biografieë van die sestiende-eeuse ontdekkingsreisiger en botanis Clover. Dis boeke waarin Eron wêrelddele vind "waar nuwe biosfere ontdek is", hy leer omtrent voëlspesies en woestyne, kosmologie en fisika (120). Deur hierdie blootstelling aan teoretiese aspekte omtrent die natuurwêreld, en deur praktiese bewyse van die effek en invloed van materie uit die sfeer van die niemenslike, word Eron gelei om die natuur te respekteer as 'n aktiewe rolspeler in sy omstandighede.

Bogenoemde idee word baie sterk uitgebou in die roman: die natuur, in samewerking met die bo-natuur, het soms 'n ingrypende effek op die menslike gebeure. Die natuur kan byvoorbeeld in weerwraak op mense se verwoesting en hebsug reageer. So heers daar 'n "onvoorspelbare oorlog tussen walvisjagter en wildernis" op Die Eiland van die Ure, waar walvisskepe halfjaarliks aandoen om voorrade aan te vul:

> Soms, so het Clover in sy opskrywings beweer, het die natuur geantwoord met wraakaanvalle. Onder die walvisbote het riviere van vuur gevloei en uitgebreek in verwoede vlamme. Wanneer puinsteen uit die see spat, was die hawe en huise en alles daarrondom binne 'n oogwink 'n blink begraafplaas. Hoe dikwels dit gebeur, kon niemand voorspel nie. Dalk in hierdie leeftyd, dalk eers in die leeftyd van die tiende nageslag. (174)

Op Eziovlei neem Eron die samevloeiing van die ritmes van mens en natuur waar. Ná weke van winterstorms is die strand platgevee en die seewater stroom land-in. Die water borrel al hewiger op in die leivore en damme, sodat die stroompies spoedig in beweging kom en in riviere verander. Een oggend, toe Eron by die soldervenster uitkyk, is Korban se tuin heeltemal onder water, die huismeisies gryp wasgoed bymekaar op die oewer en die vissers trek hulle nette en skuite inderhaas uit om te verhoed dat dit wegspoel. Nou neem voëls die gebied in besit: "Vanaf die mere van Oborto het die swanevolk gekom, oor land en see […], die horisonlyn was gloeiend terwyl dié welberese voëls met vlerke soos die seile van skepe tussen die geraamtetakke van Korban se boord neergestryk het" (124).

Swaanpare herbou hulle neste en talle voëlspesies neem intrek en broei. Eers wanneer die watervlak ná 'n paar maande sak, neem die voëls en hulle kuikens "met 'n vlerkgeklap en klankryke 'kloo-kloo-kloo'" hulle vertrek en kan die mens weer terug beweeg in die gebiede van die tuine en kus. Die marmerbeelde in Koran se tuin is groen van die slyk en voëlmis; Eron skuur die tuinbeelde, poets die sonwyser met byewas en knap die mure van Korban se werkplek op (124). In die gegewe van die gedeelde lewensfeer van mens en voël is iets herkenbaar van die posthumanistiese beskouing van die mens waarvan die eggo's ook in die sfeer van die materiële ekokritiek opklink. Wolfe (*Before the law* 34) stel duidelik dat die ondermyning van die menslike ontologie nie die beëindiging van menslike aansprake op die benutting van natuurruimtes en -hulpbronne impliseer nie, maar 'n beklemtoning behels van die saambestaan en gesamentlike evolusionêre spiraal van die mens en die biologiese spesies wat die planeet met hom deel. Sy slotsom: "We should read the new category human in terms of co-emergence within a shared field of existence marked by the interdependency of life" (34).

Slot

In die lig van die positiewe ontvangs van *Die Bergengel* is 'n literêr-analitiese ondersoek van die roman aangepak. Met behulp van 'n ekokritiese leesstrategie is daarin geslaag om tot die kern van die literêre gehalte daarvan deur te dring.

Eerstens is bevind dat die sfere van kultuur en natuur met die talent van 'n woordmeester geïntegreer word. Daar is vasgestel hoe die poëtiese taal en die trefkrag daarvan funksioneel benut word in die omdop van vasgestel-

de idees oor die verhouding tussen die menslike en die niemenslike. Deur die spel met taal word 'n konteks van hernude en skerp aandag geskep om oortuigingskrag tot die argument oor die rol en waarde van die natuur en oor die belang van omgewingskwessies toe te voeg. Waar die medium van taal so direk by die doel van die uitbou van die ekokritiese diskoers ingevleg word, word die potensiaal van letterkunde tot die byeenbring van die verwyderd gewaande sfere van kultuur en natuur gedemonstreer. *Die Bergengel* is 'n sterk en geloofwaardige stem in die diskoers oor herintegrasie wat 'n kernkomponent in Zapf se beskouing van letterkunde as kulturele ekologie vorm.

Die ekologiese funksie van letterkunde as herstrukturerende en herorganiserende krag het uit die romanontleding duidelik geword. In die ondersoek na die besonderhede omtrent hierdie ekologiese krag wat in *Die Bergengel* opgesluit lê, is bevind dat 'n koersverandering ten opsigte van die heersende mensgerigte beskouing van natuur- en omgewingsake voorgestaan word. Daar klink 'n oortuigende téénstem op teenoor tematiese gegewens wat 'n antroposentriese houding belig. Groter waarhede ten opsigte van die natuur se aktiewe rol van beïnvloeding van die mens kom onder die aandag en die opheffing van die mens se veronderstelde sentrale posisie, wat in bepaalde verhaalgebeure plaasvind, versterk gesonde nuwe perspektiewe. *Die Bergengel* herinner ons aan die kosbaarheid van 'n gedeelde bestaansfeer, aan die kompleksiteite van die interafhanklike saambestaan met die niemenslike en aan 'n noodsaaklike verbintenis van respek as teenvoeter vir omgewingsverwoesting en menslike uitbuiting van reeds karige hulpbronne.

Aantekeninge

1. Spekulatiewe fiksie word dikwels as 'n breë term ingespan om fiksie met bonatuurlike, futuristiese of fantasie-elemente te omskryf (Steenkamp, "Bergengel"). In hierdie sin is *Die Bergengel* wel spekulatief: die verhaal bevel beide bonatuurlike en fantasie-elemente. Lem (144) beklemtoon egter dat die grense tussen wetenskapfiksie, spekulatiewe fiksie en fantasie soms vaag is: "Most of these subgenres are narratives that elaborate some imaginative or fantastic premise, perhaps involving a postulated future society, or travels between different worlds". Die allegorie kan beskryf word as 'n verhaal waarin die algemene voorgestel word deur middel van die besondere. Die karakters en hulle handelinge funksioneer in 'n allegorie op twee vlakke: hulle bestaan op 'n eerste, konkrete verhaalvlak, maar wys ook heen na 'n stel gebeure of 'n stel morele, geestelike of psigologiese konsepte/idees agter die verhaal (Malan). Die magiese realisme is 'n verskynsel in literêre werk waar die konkreet-reële aspekte soos karakters, ruimte en gebeure geplaas word teen die agtergrond van die magiese of ook die metafisiese. Die magiese realisme is gebaseer op die gedagte dat die mens (en so die karakter in die literêre werk) bande het met 'n bosinlike bestaan, selfs met 'n oerbestaan (Van der Elst). Die *Bildungsroman* word deur *English Oxford Living Dictionaries* beskryf as 'n verhaal oor 'n jong protagonis se reis deur sy vormingsjare tot volwassenheid, uitgebeeld met aandag aan verskeie aspekte van sy ontwikkeling en volwassewording.
2. Vir lesers wat belangstel in die geskiedenis van fantasie en wetenskapfiksie in Afrikaans, is die webwerf www.afrikafiksie.com 'n nuttige bron van inligting. Hier word 'n volledige rekord van Afrikaanse fantasie- en WF-publikasies verskaf en gereeld opgedateer.
3. Wat die terrein van die Afrikaanse literatuurteorie en -kritiek betref, word die invloed van die nuwe materialisme op die ekokritiese lees van tekste deur die navorsing van ondersoekers soos Susan Smith en Susan Meyer erken (Smith, "Ekokritiek en die nuwe materialisme" en "Plek as liggaam"; S. Meyer, "Die allesomvattende materiële dimensie van ons bestaan: aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* van Marié Heese" en "Mens-plantverbintenisse in *Die sideboard* van Simon Bruinders").
Sodoende bou die nuwe materialisme (en die ander bogenoemde teorieë wat deel vorm van die ontologiese wending) voort op die werk van vroeëre denkers wat die essensialistiese diepte-ontologieë (waarvolgens daar 'n materiële werklikheid bestaan wat die mens slegs deur taal en representasie kan ken) bevraagteken. 'n Invloedryke voorbeeld is Deleuze se herwaardering van vroeëre denke in *Spinoza: Philosophie Pratique* (1970). Deleuze onderskei nie tussen menslike en ander liggame nie. Alle (lewende en nielewende) liggame is gesitueer in komplekse verhoudings tot mekaar.[3] Deleuze (27) gebruik die term "affek" om te dui op die potensiaal van elke liggaam om op te tree of "to be acted upon". Liggame besit nie 'n statiese identiteit nie, maar is eerder voortdurend in 'n proses van wording wat gedryf word deur affek, die maniere waarop liggame mekaar affekteer of deur mekaar geaffekteer word (48–51). Die manier waarop enige liggaam op enige gegewe tyd verkeer, is nie die resultaat van transendentale essensies nie, maar is eerder die gevolg van stadige of herhalende ("slow, refrained, or looped") wordinge (Bertelsen en Murphie 145).

In sy werk saam met Guattari gaan Deleuze voort om te onderskei tussen twee soorte samevoegings ("assemblages") wat deur middel van affek en wordinge gevorm word: molêre en molekulêre samevoegings (Anker, "Die nomadiese self: skisoanalitiese beskouinge oor karaktersubjektiwiteit in die prosawerk van Alexander Strachan en Breyten Breytenbach" 225). Molêre samevoegings is rigied en hiërargies, terwyl molekulêre samevoegings buigsaam en snel-bewegend is. Die oedipale subjek, soos wat die psigoanalis dit verstaan, is 'n molêre samevoeging. Deleuze en Guattari (*Anti-Oedipus. Capitalism and Schizophrenia 7*) voer aan dat Freud se oedipale subjek alle verhoudings waarin die mens verstrengel is, reduseer tot "playing mommy and daddy". Anker ("Nomadiese self" 225) verduidelik dat Deleuze en Guattari hierdie konseptualisering van die mens as geblokkeerd beskou, omdat dit die mens beperk tot 'n spesifieke vorm van wees (naamlik 'n subjek wat gevorm word deur verhoudings met die ouers) en min moontlikhede vir wording toelaat. Daarteenoor beskryf hulle verskeie vorms van wording wat as vluglyne kan dien vir die mens om ander samevoegings toe te laat. Waar die Freudiaanse psigoanalise die subjek verstaan as beperk deur verskeie sielkundige komplekse, fokus Deleuze en Guattari (*Anti-Oedipus 7*) eerder op die nuwe moontlikhede wat deur elke affektiewe verhouding ontstaan. Willem Anker ("Nomadiese self" 219) beskryf hierdie vorms van menslike wording soos volg:

> Die subjek bestaan in sy wording—tussen mens en dier, tussen die ek en die hond, tussen die ek en die ma. Die self is die wording. Daar bestaan nie 'n self buite die wording nie. Waarop dit, eenvoudig gestel, neerkom is dat Deleuze/Guattari voorstel dat die subjek in 'n reeks van veel meer direkte verbindings met sy omgewing bestaan as wat die heersende subjektiwiteitsteorieë toegee.

'n Tipe wording waaraan Deleuze en Guattari veral aandag skenk is dié van wordende-dier, soos Anker ("Nomadiese self" 228) die konsep van "becoming animal" vertaal:

> Die wordende-dier kan beskryf word as 'n komposisie van verskillende vorms van spoed en affekte wat totaal verskillende individue insluit; dit laat die dier 'n gedagte word, 'n koorsagtige gedagte in die mens op dieselfde tyd wat die mens dieselfde affek as die dier ondervind […].

Wordende-dier behels dus, onder meer, 'n omarming van dierlikheid—wat tradisioneel beskou word as die ab-

jekte. Waar die modernistiese subjek die abjekte uitwerp of inkorporeer in sigself, voer Deleuze en Guattari (*A thousand plateaus* 88) aan dat die abjekte die potensiaal het om die subjek te deterritorialiseer. Hulle gebruik die term "deterritorialisasie" om te verwys na die maniere waarop samevoegings se grense ondermyn of verander kan word sodat wording kan plaasvind.

OO sluit nie net by Deleuze en Guattari se konsep van wording aan nie, maar ook by hulle opvatting dat 'n komplekse verskynsel soos die menslike subjek "as 'n funksionele struktuur verrys uit 'n veelvuldigheid van laervlak-komponente" (Anker, "Nomadiese self", 28). Enige liggaam is dus nie net voortdurend in wording nie, maar kan ook gesien word as 'n samevoeging wat spruit uit verskeie komplekse verhoudings. Anker ("'n Bosluis, Billy the kid en Coenraad de Buys: Die spore van legendes in die veld") praat van die menslike subjek as "'n gedistribueerde self", omdat dit ontstaan uit die affektiewe verhoudings tussen 'n oneindige hoeveelheid liggame. Ten spyte van OO se kritiek op antroposentrisme, word daar binne OO dikwels aandag geskenk aan die mens se liggaamlike ervarings. Al word die menslike liggaam nie beskou as belangriker as ander liggame nie, word daar ook erken dat ondersoekers nie die spesifieke menslikheid wat noodwendig aan hulle eie perspektief gekoppel is, kan ontken nie (Neimanis). Wat menslikheid betref, word daar aangevoer dat geen van die verhoudings waaruit die individuele mens spruit, beskou kan word as belangriker as ander nie. Waar die menslike brein tradisioneel meer gewaardeer is as ander aspekte van die mens, ontken OO 'n duidelike skeidslyn tussen die brein en die ander verhoudings waaruit die menslike subjek verrys. Astrida Neimanis voer dus aan dat OO sinvol aansluit by die feminisme, omdat dit toelaat dat navorsers aandag gee aan die mens se liggaamlike ervarings—wat tradisioneel, buite die natuurwetenskappe, afgeskeep is omdat dit geassosieer is met vroulikheid, terwyl rasionaliteit assosieer is met manlikheid—sonder dat die individuele mens op essensialistiese wyse gereduseer word tot die eienskappe van die liggaam.

Soos vroeër genoem, voer Barendse (84) aan dat, wat die karakter van Smit betref, daar nie sprake is van wording of "'n postmenslike vervlegting van mens en dier" nie. Smit eet wel insekte en beskryf spesifieke mense en menslike gemeenskappe dikwels in terme van insekmetafore. Barendse voer egter aan dat Smit se entomofagie 'n mate van beheer in sy "andersins betekenlose" lewe verteenwoordig. Smit se interaksie met insekte gee dus "nooit aanleiding tot 'n transformasie waarin die aard van albei verander om nuwe moontlikhede te skep nie" (Barendse 84). In Deleuze en Guattari se terme kan daar gestel word dat daar nie in die karakter van Smit sprake is van wordende-insek nie. In die volgende afdelings word vervolgens geargumenteer dat daar, in die uitbeelding van die karakter van Siegfried se liggaamlike ervarings en sy intieme verhoudings met die res van die wêreld, wél sprake van 'n voortdurende proses van deterritorialiserende wording is.

Die meer-as-menslike

OO stel voor dat die uitbeelding van karakters en ruimtes op vernuwende maniere ondersoek moet word (Dürbeck, Schaumann & Sullivan 122). Ruimtes en landskappe kan nie bloot as agtergrond beskou word nie. Aan die ander kant kan karakters ook nie as die produkte van deterministiese ruimtes beskryf word nie (122). Daar word eerder voortgebou op die fenomenologie, omdat ruimte en die menslike liggaam gesien word as interafhanklik (Merleau Ponty 112). Ruimte word ook deur Dürbeck, Schaumann, en Sullivan beskou as iets wat ontstaan uit die verhoudings tussen 'n groot hoeveelheid liggame (133).

Ruimtes kan dus beskryf word as meer-as-menslik. Die term *meer-as-menslik* (more-than-human) is ontwikkel binne die ekokritiek en sluit aan by bogenoemde fenomenologiese beginsel dat die mens nie onafhanklik van die res van die wêreld kan staan nie en ingebed is in relasionele netwerke (Abram xi). Terwyl daar kennis geneem word van die mens en menslike aksies se plek in hierdie netwerke, word die mens nie sentraal daarbinne geplaas nie (Smith, "Plek as liggaam en liggaam as plek: Tendense van die nuwe materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* (2006) van Antjie Krog" 6).

Daar het reeds verskeie artikels (Greyling; Meyer "Ingeplaaste skryf as vergestalting van ekosentriese ingesteldheid in Petra Müller se verhaalkuns"; Smith, "Plek en ingeplaaste skryf" en "Plek as liggaam") verskyn waarin die nuwe materialisme gebruik word om die uitbeelding van ruimte in die Afrikaanse letterkunde te ondersoek. Hierdie studies behels 'n ekokritiese interpretasie van die uitgebeelde ruimtedimensies in die tekste wat ondersoek is. In hierdie artikel is die fokus eerder die uitbeelding van 'n gestremde karakter se ervarings in spesifieke ruimtes. Die uitbeelding van Siegfried se ervarings is hier die primêre oorweging, maar die ruimtes waarin hy homself bevind, word nie bloot as agtergrond beskou nie. Siegfried beskryf die interaksie tussen sy

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

subjektiwiteit en ruimte soos volg: "As hy buite is of in plekke wat vol goeters is dan voel hy deel van die goeters wat nie sy lyf is nie dan is sy lyf net 'n stuk van die hele plek" (*Siegfried* 195).

Hierdie aanhaling dien ook as voorbeeld om Siegfried se fokalisasie te illustreer. *Siegfried* het deurgaans 'n eksterne verteller, maar het vier fokalisators: Siegfried, Smit, David ('n webontwerper wat uiteindelik selfmoord pleeg), en Fafnir ('n eksperimentele dramaturg en regisseur wat 'n fratssirkus bestuur). Die derde gedeelte van die roman bevat ook verslae oor Siegfried deur 'n psigiater van die psigiatriese hospitaal, Huis Sonneskyn. In die gedeeltes van die roman waarin Siegfried die fokalisator is, word veral die interaksie tussen verskillende liggame beskryf. Daar word relatief min melding gemaak van Siegfried se emosies of van abstrakte gedagtes. Die roman begin byvoorbeeld soos volg:

> Sy pa loop uit en val om.
>
> Siegfried storm by die huis uit. Sy pa lê in die stof. Wind waai teen sy hande twee seile wat hom wegvat van sy pa se lyf af. Hy wil nie na sy pa kyk nie. Sy pa lê net daar. Hy kyk weg. Hy staan stil hy kyk diékant hy kyk daaikant sy oë gaan vinnig. Hy voel hulle. Alles is strepe lig en donker. (*Siegfried* 9)

Die interaksie tussen Siegfried se liggaam (sy hande en sy oë) en die meer-as-menslike omgewing word beskryf. Daar word wel genoem dat Siegfried nie na sy pa wil kyk nie, en dit impliseer moontlik 'n emosionele reaksie op die gebeure. Hierdie gedeelte, en die res van Siegfried se fokalisering, kan gekontrasteer word met die gedeeltes van die roman waarin David die fokalisator is. Daardie gedeeltes bestaan hoofsaaklik uit 'n interne monoloog waarin David besin oor sy verlede en oor die aard van sy bestaan. Hy dink byvoorbeeld: "Jy is 'n klomp koppies wat hier en daar opskiet uit die grond uit. Elkeen is jy. En word vernietig deur die erosie en die wind. Spring na waar jy die erosie en die wind is, die lug tussen al die duisende plato's. Jy is wat jy nie is nie" (129). Dit is duidelik dat David aan homself dink as intiem verbind aan en ontspruitend uit verhoudings met die meer-as-menslike. Hy dink egter slegs in 'n abstrakte, metaforiese sin daaroor. In die gedeeltes waarin Siegfried die fokalisator is, word hierdie verhoudings op konkrete wyse voorgestel.

Siegfried se wyse van fokalisering kan in verband gebring word met die outistiese dierkundige Temple Grandin se bewerings dat outistiese mense, soos diere, die wêreld veel meer konkreet as "normale" mense ervaar:

> Normal human beings are abstractified in their sensory perceptions as well as their thoughts. […] Animals and autistic people don't see their *ideas* of things; they see the actual things themselves. We see the details that make up the world, while normal people blur all those details together into their general concept of the world. (Grandin en Johnson lok. 525)

Alle outistiese mense sal waarskynlik nie met Grandin se beskrywing van hulle ervarings saamstem nie, en Siegfried word ook nie in die roman as spesifiek outisties beskryf nie. Dit is egter duidelik dat die konkrete sterk teenwoordig is in die beskrywings van die meer-as-menslike vanuit Siegfried se fokaliseringshoek, op 'n manier wat herinner aan Grandin se bewerings.

Siegfried is nie die modernistiese subjek soos deur Mies beskryf (sien die afdeling "Die menslike en die nie-menslike") wat verwyderd van 'n omgewing kan staan om dit op 'n rasionele wyse te manipuleer nie. Vanuit sommige poststrukturele benaderings sou daar aangevoer kon word dat die verhouding tussen subjek en objek deur die teks gedekonstrueer word. Alhoewel só 'n argument geldig sou wees, is dit ook belangrik om te let op die maniere waarop liggaamlike materiële ervaring in hierdie gedeeltes op konkrete wyse uitgebeeld word. In die volgende beskrywing van Siegfried se ervarings in Seepunt is dit byvoorbeeld nie so eenvoudig soos 'n binêre opposisie van subjek en objek wat slegs teoreties omvergewerp word nie. Die groot hoeveelheid liggame (Siegfried se liggaam, sand en seewater, sowel as die verskillende verhoudings waaruit hierdie liggame spruit) wat 'n rol in die interaksie speel, is duidelik, sowel as die konkrete ervaring van 'n konneksie met die meer-as-menslike:

> Die sand is te los onder sy tone dis te warm hy kan nie wegkom nie dis die moeilikste hardloop. Sy voet swik. Die sand is in sy gesig hy kruip hande-viervoet sy oë is nat alles proe sout. Sy stem skree sy gorrel trek uit sy mond uit alles skree. Hy is in die see. Die skree laat hom omval. Gesig eerste in. (*Siegfried* 79)

Dit is duidelik dat nie net die ruimtes waarin hy homself bevind nie, maar ook Siegfried se spesifieke liggaamlikheid, sy ervarings beïnvloed. Siegfried se gewebde hande speel 'n rol in die meeste van sy ervarings—hoofsaaklik op 'n stremmende manier, aangesien tegnologie oor die algemeen ontwikkel is vir gebruik deur mense met ongewebde hande. Siegfried sukkel onder andere met 'n rugsak (19), plaasgereedskap (57), 'n blikkie Coke (91–2), hempsknope (96), eetgerei (113–4), 'n skêr (166), en 'n pen (172). Soos Siegfried se pa vir hom sê (oor boomklim):

"Jy's nie 'n donnerse kat nie mens kan net doen wat jou lyf wil hê jy moet kan en niks meer nie en die Here behoed jou niks minder nie" (113). Ook sy gewebde voete veroorsaak probleme. Hy het aanvanklik "groot stewels [...] spesiaal vir hom gebou dat sy enkels kan reguit bly sy voete is groot sy voete is swaar" (11). Nadat sy skoene gesteel word op die trein tussen Stellenbosch en Kaapstad (71), loop hy die res van die tyd kaalvoet. Dit veroorsaak dat sy voete uitgelewer is aan die omgewing: "Hy is seer alles is stukkende nerwe sy voet is seer so kaal" (75).

Webb Keane (194) is van mening dat die mens se gebruik van ander liggame nie dui op 'n aktiewe subjek wat 'n passiewe voorwerp manipuleer nie. Die verhouding tussen subjek en voorwerpe is nie eenvoudig nie, omdat voorwerpe eienskappe besit wat sekere potensiële interaksies moontlik maak. Soos die menslike liggaam wat "net [kan] doen wat jou lyf wil hê jy moet kan" (Anker, *Siegfried* 113), só laat alle voorwerpe net sekere interaksies toe. Die meer-as-menslike is dus nie passief nie, maar bevat eienskappe wat vergelykbaar is met die agentskap wat tradisioneel slegs aan mense toegeskryf is. In hierdie artikel word die Engelse term "agency", in navolging van onder andere Anker ("Nomadiese self" 261, 412) en Chaudari (76), as "agentskap" vertaal. Soos Chaudari (76) beweer, is 'n "agent" "'n 'wese' met die kapasiteit om op te tree"; "agentskap" dui op "die uitoefening of manifestasie van hierdie hoedanigheid". Die term "agency" sou ook na Afrikaans vertaal kon word deur middel van 'n omskrywing, byvoorbeeld "kapasiteit om op te tree". Die term "agentskap" beklemtoon egter dat dit 'n spesifiek menslike eienskap, tradisioneel geassosieer met 'n menslike figuur (die agent), is wat binne OO met die meer-as-menslike in verband gebring word.

In *Siegfried* kan daar verwys word na die agentskap van niemenslike voorwerpe wat Siegfried se ervarings beïnvloed. Sy reeds genoemde spesiale stewels (*Siegfried* 11), die handvatsel van sy pa se bakkie (27), en sy klere sonder knope (96 en 129) vergemaklik byvoorbeeld sy bestaan. Wanneer hy hierdie voorwerpe verloor, word sy lewe moeiliker. Hierdie voorwerpe is deur 'n mens, Siegfried se pa, aangepas. In terme van Keane (194) se genoemde teorie kan daar egter aangevoer word dat hy hierdie aanpassings net kon maak omdat hierdie voorwerpe eienskappe besit wat hierdie interaksies moontlik maak. Siegfried self manipuleer ook voorwerpe met eienskappe wat interaksies toelaat wat hy as gunstig ervaar. Hy gebruik byvoorbeeld 'n mes om 'n blikkie Coke oop te maak (92).

Behalwe daarvoor dat Siegfried verstrengel is met die omgewings waarin hy homself bevind en met nielewende voorwerpe, is hy ook intiem verbind met diere en plante. Hy het veral 'n verhouding met een dier en een plant: Hond en Plant. Siegfried en Smit beland uiteindelik onder 'n brug waar hawelose mense bly. Hond woon ook hier (75). Hond kry kos by die hawelose mense onder die brug en dien vir hulle as beskerming (82) en vir Siegfried as 'n "kussingwolf" wanneer hy met sy kop op hom slaap (78). Plant is die palmboom wat Siegfried van die plaas af saamneem stad toe en uiteindelik in Seepunt plant (229). Siegfried sorg vir Plant en Plant bied vir Siegfried 'n manier om "immersed, committed, in touch" met die wêreld te wees—soos wat Amin en Thrift (112) beweer oor die belewing van die band met die meer-as-menslike wat in die beoefening van tuinbou moontlik word. Voorbeelde hiervan is wanneer Siegfried vir Plant vryf wanneer hy alleen of gedisoriënteerd voel in die nagklub Squatter Camp (*Siegfried* 137), in Huis Sonneskyn (164), en in die fratssirkus (219).

Abjeksie en wording

In *Siegfried* word abjekte karakters in dierlike terme beskryf. Onder die brug waar die hawelose mense bly, woon byvoorbeeld Mildred, 'n meisie met "'n bos wilde hare" en 'n "eselse gebulk" (82), wat vir Smit voer soos 'n mavoël haar baba (248). Hier woon ook "Philip die Kat" wat "Die Kat Gelyd" maak, "'n klank erger as 'n katwyfie in Augustus" (82). In Huis Sonneskyn (159), en ook in Fafnir se fratssirkus, is daar 'n "voëlvrou" wat "Kwêê"-geluide maak (198). In die sirkus is daar ook 'n "wurmman", 'n vrou met 'n stert, 'n "perdgesigman" en 'n "lelike meermin" (206–7). Siegfried se gewebde hande en voete maak hom in die oë van ander 'n "visman" (15), "paddafiguur" (19), "eend-freak" (104), en "amfibiese monstertjie" (114). Siegfried word nie net met waterdiere vergelyk nie, maar ook met voëls. Maggie (David se meisie) sê aan Siegfried: "Jy fladder jou kos, jy fladder alles in soos 'n voëltjie" (114). Wanneer hy oorweldig voel, doen hy "die voëlding" (120). Dit help hom om te ontspan en behels dat hy "sy arms uitsteek langs die kante en stadig soos 'n voël maak op en af met sy arms soos 'n reier wat stadig vlieg" (129).

Soos reeds genoem, handel wordende-dier vir Deleuze en Guattari nie oor mense wat maak of hulle diere is, of beskryf word as diere nie (Anker, "Nomadiese self" 14), maar eerder oor die deterritorialisering van die molêre samevoegings wat geassosieer word met tradisionele idees oor die menslike subjek. Anker ("Nomadiese self", 221) verduidelik dat Deleuze en Guattari die mens beskou as 'n "ditheid", soos enigiets anders uit die milieu van die

meer-as-menslike. Dit beteken dat die menslike bewussyn "'n stel snelhede tussen ongevormde partikels, 'n stel ongesubjektiveerde affekte" is (221). As die mens beskou word as 'n "ditheid", beteken dit dat dit ook oopgestel kan word tot verbindings met ander samevoegings, intensiteite, en "dithede" (224).

Die 'dierlike' karakters in Siegfried word nie net deur die ander karakters in die roman soos abjekte wesens behandel of met diere vergelyk nie. Die konneksies en samevoegings wat tussen hulle en die meer-as-menslike gevorm word, stem dikwels meer ooreen met dié waaruit diere en plante ontstaan as dié waarmee mense tradisioneel geassosieer word. Siegfried maak nie 'n bewuste keuse om "die voëlding" te doen nie, maar dit is 'n affektiewe konneksie wat hom kalmeer. Dieselfde is waar van sy verbinding met Plant. Wanneer Siegfried aan Plant vat, vorm hy konneksies met die meer-as-menslike en ervaar hy wat Deleuze en Guattari (*Thousand plateaus* 11) beskryf as die wysheid van plante: "Even when they have roots, there is always an outside where they form a rhizome with something else—with the wind, an animal, human beings". In Siegfried is daar dus 'n vervaging van die grens tussen die menslike en die meer-as-menslike—'n vervaging wat, volgens Barendse (84), nie by die karakter van Smit plaasvind nie.

Daar is vroeër verwys na die manier waarop Siegfried se fokalisering ooreenstem met die maniere waarop outistiese mense asook diere, volgens Grandin, die wêreld waarneem. Soos genoem is hierdie vergelyking problematies; daar bestaan immers 'n pynlike geskiedenis, én hede, van mense wat deur hulle gemeenskappe beskou word as minder-as-menslik en dus op wrede en uitbuitende maniere behandel word (sien byvoorbeeld Mbembe 24). Dat die gestremde karakters in *Siegfried* vergelyk word met diere kan beskou word as 'n ontkenning van hulle regte, voorregte, en waardigheid—sake wat gewoonlik slegs met menslikheid geassosieer word. *Siegfried* kan egter ook gelees word as kritiek op die maniere waarop abjekte, 'dierlike' mense deur die samelewing hanteer word. Hierdie oënskynlike teenstrydigheid word in die volgende afdeling aangespreek.

Objekgeoriënteerde gestremdheidstudies

Viljoen bespreek, onder meer, die literêre uitbeelding van die maniere waarop die samelewing mense wat as gestremd geklassifiseer word, behandel. Wat *Siegfried* betref, skenk sy veral aandag aan die uitbeelding van Huis Sonneskyn as 'n ruimte wat veronderstel is om 'n tuiste te bied aan gestremde persone, maar deur Siegfried as onherbergsaam ervaar word. Sy voer aan dat die psigiatriese verslae in die derde afdeling van die roman voortdurend "teenstrydig [is] met Siegfried se ervaring van homself" (Viljoen 63). Sodoende word "die kilheid en onbegrip van die psigiatriese personeel vir die leefwêreld van die gestremde" uitgebeeld en word daar kommentaar gelewer op die manier waarop gestremde persone deur die samelewing hanteer word (Viljoen 73). Viljoen (68) wys ook op die ironie van Fafnir wat sy sirkus sien as 'n heenkome vir mense wat "nooit die status van mens gegun [word] nie" (*Siegfried* 214), maar hulle mishandel en ook hulle leefwêreld misken. Vir hom is hulle net rekwisiete in sy eksperimentele toneelproduksie.

Viljoen fokus voorts op hoe die onderskeid tussen "normale" en gestremde karakters in *Siegfried* vervaag. Haar argument word soos volg saamgevat: "Hoewel Siegfried gestremd is, word hy in hierdie verhaal byna as normaal uitgebeeld in vergelyking met die ander karakters, deur die klem op die nie-gestremdes se ongewoonheid en abnormaliteite" (60). Sy ondersteun hierdie argument deur te verwys na die "normale" karakters se abjekte en sosiaal onaanvaarbare gedrag, byvoorbeeld Smit se entomofagie en David en Fafnir se sadistiese siening en hantering van Siegfried.

Alhoewel Viljoen dit nie eksplisiet stel nie, sluit haar lesing van *Siegfried* aan by die interdissiplinêre veld van "disability studies", wat in hierdie artikel as "gestremdheidstudies" vertaal word. Teoretici binne gestremdheidstudies argumenteer dat gestremdheid 'n sosiale konstruk, eerder as 'n essensialistiese identiteit, is (Feeley 865). Foucault se werk oor geestesversteurings word byvoorbeeld deur hierdie teoretici gebruik om te verduidelik hoe mense hiërargies geklassifiseer word as "normaal" of afwykend (Feeley 865). As hierdie klassifikasies gesien word as arbitrêr, raak dit moontlik om diagnoses te weier en die onderskeid tussen "normaal" en "gestremd" te dekonstrueer (866). Die mediese wetenskap is gewoonlik gemoeid met die diagnosering van afwykings van die norm as siektetoestande, maar gestremdheidstudies fokus eerder op die omgewings, sisteme, en beleide wat gestremde mense se lewens bemoeilik (Cella 578). Dit is dan ook wat Viljoen doen wanneer sy die uitbeelding van onherbergsame ruimtes in *Siegfried* bespreek.

Soos wat OO, en veral die nuwe materialisme, poststrukturalistiese denkers se tekstualisering en abstrahering van die werklikheid uitdaag (Smith, "Ekokritiek" 752 en Meyer, "Allesomvattende" 69), só voer Feely (866) aan

dat poststrukturalistiese benaderings tot gestremdheidstudies problematies is. As daar slegs gefokus word op die sosiale konstruksie van kategorieë wat verband hou met normaliteit, gestremdheid, en geestesafwykings, word die belang van die liggaamlike en materiële dimensie van mense se bestaan misgekyk. Feely redeneer voorts dat Foucault en ander poststrukturele denkers kulturele diskoers sien as 'n aktiewe mag wat passiewe materie manipuleer. Daarteenoor voer Feely (868) aan dat OO gebruik kan word om ook ondersoek in te stel na hoe materie agentskap besit wat diskoers beïnvloed. Feely se argument sluit dus aan by OO se ondermyning van die streng onderskeid tussen die subjek en die objek, soos reeds bespreek. In gestremdheidstudies word kulturele diskoers normaalweg gesien sien as 'n aktiewe agent wat passiewe materie (insluitend menslike liggame) manipuleer. 'n Spesifieke menslike liggaam sal byvoorbeeld binne 'n spesifieke diskoersraamwerk gediagnoseer word met 'n spesifieke gestremdheid. Dié menslike liggaam besit egter ook, in Keane se terme (soos bespreek in "Die meer-as-menslike") sekere eienskappe wat weerstandig is teen hierdie diagnose en wat nie daardeur verklaar kan word nie. As teoretici binne gestremdheidstudies dus kritiek wil lewer op die maniere waarop mense binne sekere diskoerse gereduseer word tot hulle gestremdhede, is dit volgens Feely (868) nie genoeg dat hierdie diskoerse bloot intellektueel gedekonstrueer word nie. Daar moet ook aandag gegee word aan die maniere waarop menslike liggame hierdie diskoerse kompliseer.

Soos die titel van Feely se artikel ("Disability studies after the ontological turn: A return to the material world without a return to essentialism") suggereer, laat OO akademiese aandag aan die materiële wêreld toe, insluitend liggaamlike ervarings, sonder dat daar verval word in essensialistiese denke. Terwyl die werklikheid van liggaamlike pyn en ongemak (insluitend dié gesetel in die brein) nie geïgnoreer moet word nie, moet dit ook nie gebruik word om die essensie van 'n liggaam te beskryf nie. Alle liggame is altyd in wording en ander, minder pynlike, konneksies en moontlikhede kan gerealiseer word (Feely 870).

Hier kan bygevoeg word dat Deleuze en Guattari se fokus op wording, insluitende wordende-dier en -plant, beteken dat idees oor 'normale' menslike subjektiwiteit uitgedaag word. Terwyl Viljoen se argument omtrent die uitbeelding van die omgewing en sosiale strukture in *Siegfried* as onherbergsaam, geldig is, vind daar nie in die roman bloot 'n dekonstruksie van "normaliteit" en "gestremdheid" plaas nie. Die roman verken die lyding van Siegfried en ander abjekte karakters in spesifieke situasies, maar ook hulle wording in interaksie met die meer-as-menslike wat in die vorige afdeling bespreek is. Hierdie wordende-dier en -plant dien vir Siegfried as vluglyne wat hom help ontsnap van geblokkeerde menslike subjektiwiteit.

Terry Eagleton (9–11) waarsku dat daar vorms van die nuwe materialisme is wat materie abstraheer en dat daar bepaalde gevare aan hierdie praktyk verbonde is:

> As such, they run the risk of taking the pain out of it, turning their gaze from its recalcitrant bulk. […] Matter, in short, must be rescued from the humiliation of being matter. Instead, it must be regarded as a sort of materiality without substance, as fluid and protean as the post-structuralist notion of textuality. Like textuality, the stuff is infinite, indeterminate, unpredictable, non-stratified, diffuse, free-floating, heterogeneous and untotalisable.

As daar slegs gefokus sou word op hoe Siegfried en die ander abjekte karakters idees oor molêre subjektiwiteit deterritorialiseer, sou dit beteken dat hulle slegs simbole vir spesifieke filosofiese idees is. Hulle wordingsprosesse word egter nie as pynloos uitgebeeld nie. Hulle status as die Ander word ook nie geromantiseer of geëssensialiseer, soos wat Braidotti (in Dolphijn en Van der Tuin 24) beweer in dekonstruktiewe denke gebeur, nie.

Siegfried is intiem verbind met die meer-as-menslike en hy is voortdurend in prosesse van wordende-dier en plant. Dit beteken egter nie hy ís 'n dier of plant nie. Soos Grandin (in Grandin en Johnson lok. 129) beweer: "Autistic people can think the way animals think. Of course, we also think the way people think—we aren't *that* different from normal humans. Autism is a kind of way station on the road from animals to humans". Dolphijn en Van der Tuin (113) stel dat die nuwe materialiste die verhoudings tussen liggame, "their affect, force, and movement […], speeds and slownesses, [and] how the event unfolds according to the in between, according to intra-action" behoort te ondersoek eerder as die liggame self. Wat gestremdheidstudies betref, beteken dit dat OO daardie "way station on the road from animals to humans", oftewel die verskynsel van wordende-dier, kan ondersoek vir moontlikhede—en vir beperkings. Grandin se beklemtoning dat outistiese mense ook mense is, beteken egter ook dat onderdrukkende sisteme nie geïgnoreer moet word nie en dat die politieke angel nie uit gestremdheidstudies gehaal moet word nie.

ISSN: 0041-476X E-SSN: 2309-9070

Samevatting

In die artikel is gevind dat die karakter van Siegfried op verskeie maniere intiem verbind is met die meer-as-menslike wêreld. Hy is ook voortdurend in 'n proses van wording. Hy en die ander abjekte karakters in die roman deterritorialiseer dominante subjektiwiteitsopvattings. Die grense tussen wat beskou word as menslik en niemenslik vervaag dus in die uitbeelding van die karakter. Hierdie uitbeelding van die vervaging van die grense tussen die menslike en die meer-as-menslike in 'n gestremde karakter het die potensiaal om vrae op etiese vlak te genereer, gegewe die wrede maniere waarop mense wat beskou word as 'minder menslik' as andere, dikwels hanteer word. Die uitbeelding van Siegfried se interaksie met die meer-as-menslike dekonstrueer egter nie bloot opvattings oor aktiewe menslike subjekte en passiewe niemenslike objekte nie. Die fokus op sy liggaamlike ervarings en op die intensiteit daarvan, asook op die affekte tussen sy liggaam en ander liggame, beteken dat sy pynlike ervarings in spesifieke omgewings en sisteme vooropgeplaas word. Dit is veral waar van sy ervarings in Huis Sonneskyn, waar daar gepoog word om die kompleksiteit van sy identiteit te reduseer tot patologie wat genormaliseer moet word. In aansluiting by Viljoen se studie oor *Siegfried* word geargumenteer dat hierdie gedeeltes van die roman in verband gebring kan word met kritiek uit die gestremdheidstudies op die maniere waarop gestremde mense deur die samelewing behandel word. In die roman word die vervaging van die grense tussen die menslike en die niemenslike in 'n gestremde karakter uitgebeeld en, terselfdertyd, word kritiek gelewer op die maniere waarop die samelewing dikwels gestremde mense (en ander abjekte wesens) hanteer en hulle probeer inperk.

Erkenning

Hierdie artikel is gebaseer op gedeeltes uit die proefskrif, *'n Geokrities-vergelykende analise van Afrikaans- en Engelstalige Suid-Afrikaanse stedelike romans*. Dit is in 2016 aan die Universiteit Stellenbosch voltooi met Louise Viljoen as studieleier.

Aantekeninge

1. In hierdie artikel gebruik ek 'normaal' in aanhalingstekens om te verwys na mense wat nie deur die samelewing geklassifiseer word as gestremd nie. Die term "neurotipies", wat spruit uit die neurodiversiteitsbeweging—sien byvoorbeeld Steve Silberman se invloedryke *Neurotribes* (2015) sou ook gebruik kon word, behalwe dat dit hier gaan oor Siegfried se liggaamlike sowel as sy verstandelike gestremdheid. Ek verkies ook die gebruik van 'normaal' omdat die aanhalingstekens dui op die problematiese aspek van die term, aangesien die woord steeds die voorregte wat 'normale' mense in die meeste omgewings en gemeenskappe geniet, impliseer.
2. Daar moet gelet word op die feit dat dit nie vir alle denkers binne die veld van OO gaan om 'n eenvoudige afwys van die poststrukturalisme nie. Smith ("Ekokritiek" 759) verwys byvoorbeeld na Morton se herinterpretasie van Derrida se bekende uitspraak dat daar niks buite die teks is nie: "Morton se interpretasie is dat wanneer Derrida […] sê: 'there is nothing outside the text' […], hy daarmee saamstem deurdat hy daarin lees dat daar nie 'n groot Ander is nie, 'no device, for instance, that could measure quantum phenomena without participating in these phenomena' […]. Belangriker: 'All observations are inside the system' […] Uit hierdie uitspraak van Morton kan gesien word dat hy Derrida se seminale stelling hier bo interpreteer as 'n verwysing na die saambestaan van alle dinge en dat alle dinge interaktief binne dieselfde sisteem is. Morton voer aan dat Derrida nie 'n veralgemenende stelling oor realiteit maak nie, maar dat Derrida 'n sisteem van interaktiwiteit beskryf".
3. In die res van die artikel word die term 'liggame' ook op hierdie wyse gebruik—as verwysend na menslike en niemenslike, lewende en nielewende voorwerpe wat elkeen ook gevorm word (ontstaan) uit komplekse verhoudings met die meer-as-menslike. Wanneer daar na 'liggaamlike' ervarings of eienskappe verwys word, word daar daarenteen na menslike karakters se liggame verwys.

Geraadpleegde bronne

Abram, David. *The spell of the sensuous: Perception and language in a more-than-human world.* Pantheon, 1996.

Amin, Ash & Nigel Thrift. *Cities: Reimagining the urban*. Polity, 2002.

Anker, Willem. "Die nomadiese self: skisoanalitiese beskouinge oor karaktersubjektiwiteit in die prosawerk van Alexander Strachan en Breyten Breytenbach". D Litt, U Stellenbosch, 2007. http://hdl.handle.net/10019.1/1088.

____. "'n Bosluis, Billy the kid en Coenraad de Buys: Die spore van legendes in die veld." *Litnet*, 2013. http://www.litnet.co.za/2013-n-bosluis-billy-the-kid-en-coenraad-de-buys-die-spore-van-legendes-in-die-veld/. Geraadpleeg 25 Mei 2018.

____. *Siegfried*. Kwela, 2007.

Barendse, Joan-Mari. "'n Kulturele entomologiese ondersoek na insekte in Willem Anker se *Siegfried*." *Tydskrif vir Letterkunde* vol. 54, no. 2, 2017, pp. 74–85. DOI: https://doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.54i2.1314.

Bertelsen, Lone & Andrew Murphie. "An ethics of everyday infinities and powers. Félix Guattari on affect and the refrain." *The affect theory reader*. Reds. Melissa Gregg & Gregory J. Seigworth. Duke U P, 2010, pp. 138–57.

Bryant, Levi R. *The democracy of objects*. Open Humanities P, 2011.

Cella, Mathey J. C. "The ecosomatic paradigm in literature: Merging disability studies and ecocriticism." *Interdisciplinary Studies in Literature and Environment* vol. 20, no. 3, 2013, pp. 574–96. DOI: https://doi.org/10.1093/isle/ist053.

Chaudari, Shamiega. "Stilte en agentskap in die slaweroman *Philida* van André P. Brink". *LitNet Akademies* vol. 14, no. 3, 2017, pp. 66–87. https://www.litnet.co.za/stilte-en-agentskap-die-slaweroman-philida-van-andre-p-brink/.

Deleuze, Gilles. *Spinoza: Practical philosophy*. Vertaling Robert Hurley. City Lights, 1988.

Deleuze, Gilles & Félix Guattari. *Anti-Oedipus. Capitalism and Schizophrenia*. Vertaling Robert Hurley, Mark Seem & Helen R. Lane. U of Minnesota P, 2000.
____. *A thousand plateaus*. Vertaling Brian Massumi. U of Minnesota P, 1987.
Dolphijn, Rick & Iris Van der Tuin. *New materialism: Interviews and cartographies*. Open Humanities P, 2012. http://www.openhumanitiespress.org/books/titles/new-materialism/. Geraadpleeg 31 Jul. 2018.
Dürbeck, Gabriele, Caroline Schaumann & Heather I. Sullivan. "Human and non-human agencies in the anthropocene." *Ecozon@* vol. 6, no.1, 2015, pp. 118–36. http://ecozona.eu/article/view/642/689.
Eagleton, Terry. *Materialism*. Yale U P, 2016.
Feely, Michael. "Disability studies after the ontological turn: A return to the material world without a return to essentialism." *Disability & Society* vol. 31, no.7, 2016, pp. 863–83. DOI: https://doi.org/10.1080/09687599.2016.1208603.
Grandin, Temple & Catherine Johnson. *Animals in translation: Using the mysteries of autism to decode animal behavior*. Scribner, 2005. Kindle.
Greyling, Franci. "Sin van plek, ingeplaastheid en bioregionaliteit in 'n kunstenaarsboek-installasie, *Mooirivier: Weerspieëling en weerklank*." *LitNet Akademies* vol. 12, no. 3, 2015, pp. 308–57. http://www.litnet.co.za/sin-van-plek-ingeplaastheid-en-bioregionaliteit-in-n-kunstenaarsboek-installasie-mooirivier-weerspieeling-en-weerklank/.
Hegel, Georg Wilhelm Friedrich. *The phenomenology of mind*. 27 Nov. 2017. https://www.marxists.org/reference/archive/hegel/phindex.htm. Geraadpleeg 31 Jul. 2018.
Keane, Webb. "Signs are not the garb of meaning: On the social analysis of material things." *Materiality*. Red. Daniel Miller. Duke U P, 2005, pp. 182–205.
Kristeva, Julia. *Powers of horror: An essay on abjection*. Columbia U P, 1982.
Mbembe, Achille. "Necropolitics." *Public culture* vol. 15, no. 1, 2003, pp. 11–40.
Merleau Ponty, Maurice. *Phenomenology of perception*. Vertaling Colin Smith. Routledge, 2005.
Meyer, Susan. "Die allesomvattende materiële dimensie van ons bestaan: Aspekte van die nuwe materialisme in *Vuurklip* van Marié Heese." *LitNet Akademies* vol. 12, no. 2, 2015, pp. 69–89. http://www.litnet.co.za/die-allesomvattende-materiele-dimensie-van-ons-bestaan-aspekte-van-die-nuwe-materialisme-in-vuurklip-van-marie-heese.
____. "Ingeplaaste skryf as vergestalting van ekosentriese ingesteldheid in Petra Müller se verhaalkuns." *Literator* vol. 35, no. 2, 2014, pp. 1–12. DOI: https://doi.org/10.4102/lit.v35i2.1080.
Mies, Maria. "Self-determination: the end of utopia?" *Ecofeminism*. Reds. Maria Mies & Vandana Shiva. Zed, 2014, pp. 218–30.
Morton, Timothy. *Dark ecology: For a logic of future coexistence*. Columbia U P, 2016. Kindle.
Neimanis, Astrida. *Bodies of water: Posthuman feminist phenomenology*. Bloomsbury, 2017. Epub.
Silberman, Steve. *Neurotribes: The legacy of autism and the future of neurodiversity*. Avery, 2015.
Smith, Susan. "Ekokritiek en die nuwe materialisme: 'n Ondersoek na die nuwe materialisme in enkele gedigte van Johann Lodewyk Marais uit die bundel *In die bloute* (2012)." *LitNet Akademies* vol. 11, no. 2, 2014, pp. 749–74. http://www.litnet.co.za/ekokritiek-en-die-nuwe-materialisme-n-ondersoek-na-die-nuwe-materialisme-in-enkele-gedigte/.
____. "Plek as liggaam en liggaam as plek: Tendense van die nuwe materialisme en interaksie tussen mens en plek in enkele tekste uit *Verweerskrif* (2006) van Antjie Krog." *LitNet-Akademies* vol. 12, no. 2, 2015, pp. 1–24. http://www.litnet.co.za/plek-as-liggaam-en-liggaam-as-plek-tendense-van-die-nuwe-materialisme.
____. "Plek en ingeplaaste skryf. 'n Teoretiese ondersoek na ingeplaaste skryf as ekopoëtiese skryfpraktyk." *LitNet Akademies* vol. 9, no. 3, 2012, pp. 887–928. http://www.litnet.co.za/plek-en-ingeplaaste-skryf-n-teoretiese-ondersoek-na-ingeplaaste-skryf-as-ekopotiese-s/.
Viljoen, Babette. "Fokalisasie en vertelinstansie in die representasie van gestremdheid in geselekteerde Afrikaanse romans." M.A.-verhandeling, Noordwes-U, 2012. http://hdl.handle.net/10394/9236. Geraadpleeg 31 Jul. 2018.

Biracialism and trauma in Kaine Agary's *Yellow-Yellow*

Kayode Omoniyi Ogunfolabi

Biracialism and trauma in Kaine Agary's *Yellow-Yellow*

The connection between the discourse of racial purity and its traumatic effects on the biracial woman takes center stage in Kaine Agary's *Yellow-Yellow*, which manifests in valorization and vilification of biracial subjects. Contrary to received and discriminatory knowledge that equated biraciality with degeneracy and hyper-sexuality, this article argues that master narratives of social marginality, and stigmatization of biracial women are undermined through the counter-narrative of subjects that deconstructs the dialectic of visibility and invisibility of the biracial body. Appropriating the stereotypes against them, victims recover their subjectivity by articulating their stories, which transgress an ossified binary perception of race. Though these stories do not provide narrative closure, they embrace the contradictions and ambivalence that characterize existential realities of biracial bodies, and therefore, rupture the singular and normative narrative that names biracial women as 'other'. **Keywords:** biracialism, trauma, visibility, invisibility, testimony.

Introduction

The story of the biracial woman in Kaine Agary's *Yellow-Yellow* is inscribed indelibly on her body.[1] It is this story that precedes her entry into the narrative of Nigerian ecopolitics; in other words, the story that the biracial body is capable of telling reveals the operation of power in the production of socially sanctioned ordering of bodies. *Yellow-Yellow* contains multiple narratives, one of which is that of repressive dictatorship, which in Nigerian history corresponds to Sani Abacha's infamous regime that executed the writer and environmental activist, Ken Saro Wiwa. Apart from this, Agary's novel presents the struggle of Niger-Delta militants who fight the recklessness and exploitation of the oil companies, and particularly, raises awareness about the negative impact of oil drilling on the social, economic, and political lives of the people of the Niger-Delta. Another important story is that of young girls who migrate to urban centers with the dream of social mobility either through romance with expatriates or prostitution involving a broad range of clients.

Yet within these competing stories is that of the group of female children referred to simply as, "Yellow-Yellow" or "Yellows". The novel focuses exclusively on the women, making it difficult to assess the experience of biracial men. But the fact that the subjects in *Yellow-Yellow* are women shows that their plight is relatively gender-based. Precisely because the experience of these biracial women is intensely personal, it slides under dominant narratives. However, through the narrator-protagonist—Zilayefa—Agary's novel shows that social exclusion of biracial women is not necessarily anchored on white ancestry but is rather legitimized by indirect evocation and valorization of racial authenticity, according to which 'white' and 'black' become uncontaminated and unproblematic racial categories.

On the one hand, society inscribes the biracial body with exotic visibility while, on the other, forces it to social invisibility. In other words, by transgressing black and white, the biracial woman unsettles the normative categories of race and consequently becomes 'the other'. This 'otherness' constitutes the major cause of pain for the biracial characters of Kaine Agary's *Yellow-Yellow*. As the discussion of the text will show, this dialectic of visibility and invisibility produces traumatic experience in the protagonist. In articulating this experience of trauma, the novel rewrites the master narratives of racial exclusivity. By privileging the voices of biracial women, *Yellow-Yellow* appropriates and distorts the narrative of racial chauvinism.

Many critical responses to Kaine Agary's *Yellow-Yellow* have addressed the exploitative practices of the oil multinationals, degradation of the environment, violence, impoverishment of the people of Niger-Delta, and the

Kayode Omoniyi Ogunfolabi is a senior lecturer in the department of English, Obafemi Awolowo University, Ile-Ife, Nigeria. Some of his research interests are trauma, Nigerian women's fiction, and postcolonial magical/marvelous realist fiction.
Email: kayodeogunfolabi@gmail.com
https://orcid.org/0000-0001-8419-5631

DOI: dx.doi.org/10.17159/2309-9070/tvl.v.56i2.4664

predicament of biracial children, especially women. For example, both E. D. Simon and Michael Janis have noted the protagonist's vulnerability to sexual predation (Simon 163; Janis 326).

Charles Cliff Feghabo claims that there are different levels of "otherness" in the novel and that the Ijaw women are the ones that suffer the most because they are oppressed by the state and the patriarchal system. It is for this reason that he refers to the women as triple subaltern (317). In addition, he addresses what he calls the "enormity of the psychological trauma she [Zilayefa] and her like that abound in the Delta have to contend with" (321), which in a way signals the traumatic dimension of being biracial in the Niger-Delta region. Ignatius Chukwumah also claims that the network of oppressive institutions constitutes what he calls the "displaced male image", through which the protagonist's suffering assumes a gendered identity—male (49). Solomon Azumurana contends that the women in Agary's novel appropriate the positions of absent relations as a means of survival (151). While these perspectives on Agary's novel illuminate one's understanding of the text, they also make it possible to discover other aspects of the novel that are germane to analyzing the plight of the biracial woman but which are yet to be explored.

Although Simon, Janis, Chukwumah, and Azumurana have addressed the connection between the excesses of the oil companies in the Niger-Delta, sexual exploitation of Ijaw women, the representation of oppressive state and social institutions as male, and the impact of absent family members on some of the characters in the novel, they seem to have based their claims on the broader issue of family, state, and multinational exploitation of oil resources. While focusing on this systematic exploitation is important in and of itself, it omits the unique experience of the biracial woman, who is a victim in more ways than one. For instance, social subordination of women, economic challenges, sexual exploitation, and stigmatization of the yellow skin, all complicate the daily living of the biracial woman. Unlike Simon and Janis, Feghabo refers to the particular circumstance of biracial women, which he describes as "psychological trauma." Despite Feghabo's reference to psychological trauma, he does not pay close attention to the ways in which the novel creates the narrative of 'otherness', and in particular, how the protagonist functions as a subject of trauma. In other words, by lumping the protagonist and other biracial women together, Feghabo homogenizes all biracial women, implying that their experiences are more or less the same. Agary's text, in fact, resists homogenization by showing that biracialism is over-determined by factors such as class, family backgrounds, and socialization. However, it is in the character of Zilayefa, the narrator-protagonist, that the trauma of racial preferences can be appreciated precisely because the story of *Yellow-Yellow* is rendered through her voice.

After an initial exploration of trauma theory as it relates to the novel, this essay will be in three parts: the first addresses the valorization of racial authenticity and simultaneous vilification of biracial identities. This reading will be done through an interpretation of one of the characters' (Madam George, aka Sisi) story. The second section uses Caruth's template of trauma to demonstrate the sense in which the protagonist is a victim of trauma. Finally, the article shows how the text thematizes narrative agency on the part of the protagonist as a necessary step towards undermining the metanarrative of racial purity and attenuating the traumatic effects of otherness.

Trauma

The term 'trauma' is used in this article, not in the broader and loose description of pain, but in the narrower sense, which consists in how a violent event in the past returns to haunt the survivor. Cathy Caruth asserts that trauma used to be understood as a wound inflicted on the body (3). However, the meaning of the term has undergone changes:

